Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

November 2018

BYVOEGMIDDELS IS NIE 'N VERSEKERING POLIS TEEN ONGEREGISTREERDE PRAKTYKE NIE!

Byvoegmiddels is produkte wat geen plaagdodende eienskappe het nie, maar dit help gewasbeskerming produkte (GBP) om meer van hul potensiaal te bereik. Byvoegmiddels kan egter nie as versekering teen verkeerde GBP toediening gebruik word nie.

Byvoegmiddels is op baie vlakke effektief, van wanneer die GBP in die spuitmengsel bygevoeg word, tot die finale fase van die opname proses. Byvoegmiddels verlaag die effek van waterkwaliteit, druppel wegdrywing, afhop, oppervlakte spanning, relatiewe humiditeit en opname hindernisse op die blaaroppervlak.

Byvoegmiddels het egter ook beperkinge en moet korrek aangewend word om die volle voordeel daaruit te kry.

Effektiwiteit-verlagende faktore

Dit is moeilik om te glo dat GBP effektief presteer, ten spyte van al die omgewings- en ander effektiwiteit-verlagende faktore waaraan dit blootgestel word. Die eerste effektiwiteit-verlagende faktor wat GBP moet trotseer is die spuitwater wat tot soutantagonisme of alkaliese hidroliese van sekere produkte kan lei.

Verder is dit die antagonistiese tenkmengsel komponente wat beide fisiese en biologiese antagonisme kan veroorsaak. Wanneer die produk toegedien word, is daar 'n groot persentasie fyn druppels wat nooit die teiken bereik nie, omdat daar 'n verlaagde blaredak indringing en verhoogde wegdrwing voorkom. Die druppels wat wel die blaaroppervlak bereik, is geneig om af te hop en swak te versprei, omdat die spuitmengsel 'n hoë oppervlakte spanning het.

Die opname proses kan dan ernstig deur die waslae op die blaaroppervlak belemmer word, wat sal veroorsaak dat die opname tempo en hoeveelheid verlaag. Die ongunstige Suid-Afrikaanse klimaat speel ook 'n groot rol om GBP effektiwiteit te beperk.

Byvoegmiddel gebruik

Daar is gelukkig byvoegmiddels wat al hierdie effektiwiteit-verlagende faktore sal aanspreek. Byvoegmiddels is egter nooit 'n versekering polis teen die gebruik van ongeskikte modderige water, verkeerde spuitpunt keuse, te vinnige spuitspoed, uitermatige lae watervolumes, bespuiting onder hoë windtoestande, bespuiting onder lae humiditeit toestande en verskeie ander swak spuitpraktyke. Dit is belangrik om die GBP so effektief moonlik toe te dien en om die bvoegmiddel te gebruik om beide die effektiwiteit en stabiliteit te verhoog.

Villa se mening

Villa glo in die korrekte gebruik van byvoegmiddels om GBP effektiwiteit en stabiliteit te verhoog. Daar was al verskeie gevalle waar byvoegmiddels die effektiwiteit drasties verhoog het, en dit was die verskil tussen onaanvaarbare en uitstekende effektiwiteit. Ons moet egter nooit aanneem dat byvoegmiddels alle swak praktyke moet regstel nie. Gebruik byvoegmiddels korrek en dien GBP veranwoordelik toe sodat die bes moontlike effektiwiteit bewerkstellig kan word.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa